**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(NOORD-KAAPSE AFDELING)**

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: CA&R 51/2007***
***DATUM AANGEHOOR: 10-09-2007***
***DATUM VAN UITSPRAAK: 28-09-2007***

In die Appèl van:

ADAM MEYER APPELLANT

teen

DIE STAAT RESPONDENT

**CORAM: WILLIAMS R ET MOCUMIE WnR:**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

1. Die appellant is op 29 April 2004, in die Landdroshof De Aar, skuldig bevind aan diefstal van goedere ter waarde van R5310, 00 en in terme van artikel 116(1)b) van die Strafproseswet 51 van 1977 verwys na die Streekhof vir vonnis. Na bekragtiging van die skuldigbevinding is die appellant op 18 Augustus 2004 gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf. Hy kom nou in hoër

beroep teen die vonnis hom opgelê.

2. Ten tye van die vonnisverrigtinge in die Streekhof was die appellant besig om 'n vonnis van 8 jaar gevangenisstraf uit te dien wat hom opgelê is op 21 Julie 2004, ten opsigte van 'n aanklag van diefstal. Hierdie skuldigbevinding en meegaande vonnis is egter nie aangeteken op die lys van vorige veroordelings wat voor die Streekhof gedien het nie – heel moontlik omdat daar minder as 'n maand verstryk het vanaf die datum van afhandeling van daardie saak en die vonnisverrigtinge in die huidige saak.

Die moontlikheid bestaan ook dat daardie aangeleentheid nie as 'n vorige veroordeling geld nie, sou daardie skuldigbevinding na die skuldigbevinding in die huidige saak uitgebring wees.

3. Hoe dit ookal sy, ten spyte daarvan dat die appellant se regsverteenwoordiger die Streeklanddros ingelig het oor die vorige vonnis wat die appellant uitdien en versoek het dat oorweging daaraan geskenk word om 'n gedeelte van die gevangenisstraf opgelê in die huidige saak daarmee te laat saamloop, was die Streekhoflanddros nie te vinde daarvoor nie, *"onder andere omdat die hof nie volle besonderhede van daardie gevangenisstraf voor hom het nie, ook nie wat die oortreding behels het nie. Die hof neem dit nie as 'n vorige oortreding in aanmerking nie."*

4. Na my mening het die landdros heeltemal tereg nie die appellant se skuldigbevinding aan diefstal, waarvoor hy op 21 Julie 2004 gevonnis is, as 'n *"vorige veroordeling"* in

aanmerking geneem nie. Dit sou onbillik wees teenoor 'n beskuldigde waar die Staat nie so 'n oortreding behoorlik bewys het nie. Sien *S v Kqawane* 2004(2) SACR 80 (TPD).

5. Dit gaan egter nie hier oor 'n vorige veroordeling wat nie behoorlik bewys is nie, maar oor die feit dat die appellant besig was om gevangenisstraf van 8 jaar uit te dien. Die kumulatiewe effek van die twee vonnisse, skaars 'n maand na mekaar opgelê, beteken effektiewelik dat die appellant 18 jaar gevangenisstraf moet uitdien op twee aanklagte van diefstal. Ek meen dat selfs in die geval van die appellant, wat reeds tien vorige veroordelings vir diefstal op sy kerfstok het, so 'n vonnis, kumulatief gesien, skokkend swaar en onvanpas is.

6. Dit is die voorsittende beampte se plig om alle relevante faktore wat 'n impak mag hê op vonnis in aanmerking te neem. Die feit van 'n vorige vonnis wat tans uitgedien word is hoogs relevant tot die oorweging van 'n gepaste vonnis en kan nie sondermeer geïgnoreer word nie.

7. Na my mening is die 10 jaar gevangenisstraf die appellant opgelê nie onvanpas wanneer dit in isolasie beskou word nie. Dit sal egter gepas wees om die kumulatiewe effek van hierdie vonnis tesame met die vorige vonnis te temper deur 'n gedeelte van die huidige vonnis te laat saamloop met die vorige vonnis.

**Die volgende bevele word gemaak:**

**a)** **Die appél slaag.**

**b)** **Die vonnis opgelê word ter syde gestel en vervang met die volgende:**

"***10 (Tien) jaar gevangenisstraf. Dit word verder gelas dat 5(vyf) jaar van die gevangenisstraf samelopend uitgedien word met die vonnis die beskuldigde opgelê op 21 Julie 2004.***"

**c)** **Die vonnis word teruggedateer na 18 Augustus 2004.**

_________________________

C.C. WILLIAMS
REGTER

EK STEM SAAM

_________________________

B C MOCUMIE
WAARNEMENDE REGTER

**Nms. Appellant:** **Adv P J Cloete**
**I.o.v Regshulpraad**

| | |
|---|---|
| **Nms. Respondent:** | **Mnr Mashuga** |
| | **Departement van Openbare Vervolgings** |